kategese '09

graad 7 - 10

Sondag 5 | 1 Maart

METANOIA

Debrief

- Laat elkeen vertel wat was goed en wat was sleg van die week.
- Bid vir mekaar hieroor.
- Deel iets uit jou eie lewe uit van die afgelope week.

Luister

- Lees saam Johannes 3: 1-21
- Lees saam Romeine 12:1-2

Gesprek!

- Die word "metanoia" is die woord wat vertaal word vir bekering. Die beteken om te verander, of om jou denke te verander oor 'n saak, te bely of hou verband daarmee om na 'n nuwe geloof oor te kom.
- Dit is nie net 'n eenmalige, eerste besluit om 'n kind van die Here te wees nie, maar eintlik 'n aanhoudende proses om gedurig te verander na die persoon wat die Here jou gemaak het om te wees.
- Gesels 'n bietjie oor Jesus en Nikodemus:
    - Wie was Nikodemus? (Joodse raadslid – baie groot kop!)
    - Hoekom kom hy in die nag na Jesus toe?
    - Watter metafoor gebruik Jesus vir Metanoia?
    - Wat beteken dit?
    - Het Nikodemus verstaan?
    - Wie kan gered word? Wie mag kind van God word?
    - Hoe word 'n mens 'n kind van die Here?
    - Van wie hang dit af of ek kind van die Here word?
- Gesels dan verder oor Metanoia en Rom 12:
    - Maak vas dat elke Christus eintlik moet leef as 'n lofoffer vir die Here? Wat beteken dit? Hoe leef ek?
    - Hoe verander die Here my denke? (Metanoia is die woord hier)
    - Hoe kan ek toelaat dat die Here my gedurig verander en nuut maak?
- Laat elkeen wat gemaklik voel bietjie gesels oor Metanoia in hul eie lewe.
- Spandeer bietjie tyd aan elkeen se idees hieroor.
- Indien nodig gee geleentheid dat kinders 'n keuse kan maak en die genade van die Here se kruis kan aanvaar.

Wrap-up!

- Laat elkeen sê wat hulle vandag vasgemaak het oor METANOIA
- Vertel vir hulle van volgende week se tema – VERHOUDING MET DIE HERE
- Laat hulle saam bid rondom die tema van METANOIA
- Kyk of jy hulle vir die week weer kan organiseer in bid-buddies.